VERJAARDAE HIERDIE WEEK

Die volgende lidmate word hartlik gelukgewens met hulle verjaardae. Mag dit vir u en u dierbares 'n baie geseënde nuwe lewensjaar wees

8 Aug	**Fedde Bisschoff,** Wyk 19
9 Aug	**Nella J van Rensburg,** Wyk 3
	Hanró van Dyk, Wyk 2
11 Aug	**Pieter Bouwsema,** Wyk 18
	Reinette Coetzee, Wyk 4
12 Aug	**Deon du Plessis,** Wyk 20
13 Aug	**Erna Venter,** Wyk 18

Kerklike bydrae en kollektes se inbetalings in die onderskeie rekeninge

Lidmate word daaraan herinner om in hierdie grendeltyd u **maandelikse kerkbydraes** in te betaal in die **Kerkraad se rekening**. Dui asseblief u naam, van, en wyknommer duidelik aan. **Bydraes vir die diakonie** asook die ander **spesiale kollektes** kan inbetaal word in die **Diakonie se rekening**. **Gee asb 'n duidelike verwysing by u bydraes sodat dit korrek toegewys kan word. Besonderhede van die rekeninge** word hier onder gegee.

Diakonie: **Diakonie GK Potchefstroom**.

Kerkraad: **Gereformeerde Kerk Potchefstroom.**

Susters: **Susters van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom**
Bank: FNB Potchefstroom.

Die Kerkblad

Die jongste uitgawe van Die Kerkblad is in die saal beskikbaar vir intekenare . Ons doen ook weer 'n beroep op al ons lidmate om Die Kerkblad te ondersteun deur in te teken. U kan met Prof Callie of br Piet Aartsma skakel. Ons blad se voortbestaan is afhanklik van die grootste moontlike aantal intekenare. Ons gemeente is ook baie gelukkig dat intekenare nie posgeld betaal nie. Daarmee spaar intekenare meer as R100 per jaar. Die intekengeld vir ons lidmate is R323 per jaar (11 kopieë) vir die harde kopie en R135 vir die elektroniese uitgawe.



Op die Kerkwerf

Gemeenteblad van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom
Jaargang 37, nr 29 Sondag 8 Augustus 2021
REDAKTEUR: RUDY VAN DER SPOEL 082 864 4422
rudynell@telkomsa.net

Eredienste: 09:30 en 18:00 **Prediker:** Ds Jannes van Dyk **072 224 7181**
Kantoor 018 294 4600 Faks: 086 610 9283 **Hulpprediker:** Prof Callie Coetzee **082 337 7951**
Orrelis: Magda Pelser-van der Merwe **079 872 2516** **Koster** Pieter Bouwsema **082 923 1384**
E-posadres: kantoor@gkpotchefstroom.co.za **Web:** www.gkpotchefstroom.co.za

Diensbeurte by eredienste en Huis Eikelaan om 15:30: Ouderling wyk 5 **Nelis Coetsee** en wyk 6 **Faans Steyn.**
Diakens: Wyk 5 **Banie Nortjé** en wyk 6 **vakant.**

EREDIENSTE Oggend prof Callie Coetzee; aand ds Jannes van Dyk

Goeiedag broers en susters, kinders en besoekers

Oggenddiens om 9:30: EREDIENSTE OOK PER WHATSAPP

Woordbediening: Matteus 15: 21 - 28.
Sing: Psalm 118:1, 7; Psalm 130: 1, 2; Psalm 63:1, 2; Psalm 74:15, 16.

Aanddiens om 18:00
Woordbediening: Matteus 6: 5 - 15.
Fokusvers: Matteus 6: 10(a).
Belydenis: Heidelbergse Kategismus, Sondag 48, V&A 123.
Sing: Psalm 48:1, 4, 5; Psalm 72:1, 6, 11; Skrifberyming 32: 1, 2, 4 (Tema 2 - 3): (melodie Psalm 147).

Woordbediening by ***Huis Eikelaan*** om 15:30 word waargeneem deur **prof Callie Coetzee.**

Kollektes vanoggend: ***Diens van Barmhartigheid*** in die blou sakkies en vir ***Emeritaatsfonds*** in die rooi sakkies.
Vanaand: *Diens van Barmhartigheid* en *Kerkkas*

U word vriendelik versoek om vir die volle duur van die eredienste u masker te dra en om deurentyd gesonde afstand te handhaaf.

Ons gemeenteblad "Op die Kerkwerf" verskyn elke week op die webwerf (www.gkpotchefstroom.co.za). Die preke van Sondae word op WhatsApp asook op die Webwerf uitgestuur

LIEF EN LEED

Nico Spaumer het die afgelope Woensdag 'n drie-dubbele hartomleidingsoperasie in Klerksdorp ondergaan. Ons dank ons troue Verbondsgod dat Hy die operasie geseën het en bid vir **Nico en Sarie** en hulle dierbares krag en genade toe vir die tyd van herstel wat voorlê.

Faans Steyn het Woensdag en Donderdag ondersoeke ondergaan en ons is saam met hom en Ina tevrede dat die dokter met die ondersoeke van Woensdag tevrede was. Toe *Op die Kerkwerf* voorberei is, sou 'n CT skandering nog gedoen word.

Ons is dankbaar vir die beterskap wat **Jeanette Fourie** ontvang. Sy moes Woensdag 'n afspraak met die chirurg nakom om die steke aan die operasiewond te verwyder. Ons verseker haar en Corrie van ons voorbidding.

Ons is dankbaar dat **Sonja Venter** se operasie aan haar knie goed afgeloop het. Sonja se pa se gesondheid het egter drasties agteruit gegaan en hy word nou in Huis Anna Viljoen versorg. Ons dra hom en sy dierbares aan die genade van ons hemelse Vader op.

Broer van **Mari Badenhorst** het Covid 19 opgedoen. Ons bede is dat hy spoedig en volkome sal herstel.

Ons bid **Gert en Suzette van Blerk** die ryke vertroosting van ons Vader toe. In die onlangse verlede is 'n broer van **Suzette** oorlede en 'n skoonseun is Dinsdagoggend vroeg in George oorlede.

Ons betuig ons meegevoel met die geliefdes van twee diensknegte van die Here wat die afgelope tyd oorlede is, naamlik **dr. Johannes Bingle** en ook **ds. Thinus Cooke**. Mag die families van hierdie dominees in die tye wat voorlê ryke vertroosting ontvang.

Dag van verootmoediging

Klassis Potchefstroom roep kragtens KO art 66, na aanleiding van 'n versoek van die GK Randburg, al die kerke in die GKSA tot 'n dag van verootmoediging en gebed op **Sondag 15 Augustus 2021** op.

Die spesiale kollektes in Augustus 2021 gaan vir:

Sondag	8 Augustus	**Emeritaatsfonds**
Sondag	15 Augustus	GKSA Sustentasiefonds
Sondag	22 Augustus	Deputate Jeugsorg
Sondag	29 Augustus	Teologiese Studentekas

VAN ONS KERKRAAD

BYBELSTUDIES

Di	10/08	15:00	Huis Eikelaan	Prof. Callie in die groot saal
		18:20	Jeugkamer	Vrae oor die doop
Do	12/08	09:30	Kerkkantoor	Handelinge 6
		18:30	Kontak: Virtueel	Paul Krüger of Frieda Theron

Katkisasie

			Vandag 8 Augustus	**Sondag 15 Augustus**
Lesrooster: **Psalmvers:**			Les 13 en Sondag 13 Psalm 21: 1	Les 14 en Sondag 14 Psalm 24:1
Katkisasie toesig:			Ouderling Wyk 5: Graad 3,4 Ouderling Wyk 6: Graad 5, 6	Ouderling Wyk 7: Graad 7 Ouderling Wyk 8: Graad 11
Wo	11/8	14:30	2021 Belydenisklas	HK Sondag 13 & 14
		15:30	Graad 8, 9 katkisasie	Les 10
Do	12/8	15:00	2020 Belydenisklas	Gesprek met die oog op ondervraging

Die **September-uitgawe van Slingervel** is in die saal beskikbaar. Ook 'n hele paar vorige uitgawes lê in die saal op die tafel en ons kinders kan dit gerus na die kerkdiens in die kleinkerkie kom kry.